**Milange gesprekke – Eerlik, belydend in eenheid met God en mekaar**

*"Ek is nou kaal uitgetrek."* Die woorde van een van die kerkleiers nadat Ds. Ronald die waarheid, dat ons Here Jesus Christus die opper-herder is en ons hulp-herders , op harts-worstelinge oor leiers-wees in God se kerk, toegepas het. Werklikhede van jaloesie tussen leiers en leiers wat met verkeerde motiewe dien en leef, asof hulle self die opper-herder is, is uitgelig en erken. Hierdie oop, eerlike en diep gesprekke rondom God en sy waarheid in ons daaglikse lewe en die uitleef van ons roeping was 'n deurlopende kenmerk van die twee weke wat ons saam was.

Ook die realiteit van vrees vir geeste in die daaglikse lewe van die deelnemers, hulle gemeentes en die gemeenskappe waar hulle dien, is vanuit die Skrif deur beide Ronald en Johannes uitgelig. Weereens was daar die eerlike erkenning, worsteling en soeke na ons Hemelse Vader se wil in ons praat oor hierdie donkerte, waarin ons nog baie keer vasgeknel is.

Oom Fred Nel en sy vrou Corrie het ook vir 'n dag en half kom dien. "*My dear muslim friend"* is verskeie kere gehoor. Islam se uitbreiding en invloed is 'n werklikheid in die daaglikse lewe van die meeste van die leiers. Oom Fred se kennis en praktiese wenke oor hoe om Moslems te bereik het ook diep ingang gevind.

Daar was aanvanklik 'n taamlik eweredige verdeling tussen die drie fasiliteerders beplan. Dit het egter gou duidelik geword dat Johannes en Danie 'n meer ondersteunende rol sou vervul en dat Ron die meeste van die fasilitering sou doen. Buiten die toerustings was daar ook baie geleenthede om verhoudings te bou en te kuier.

Danie het die gesprekke begin en weer vanuit Jakobus 1 en Efesiërs 6 afgesluit. Ons kan bly wees as ons swaarkry, want as ons volhard en terugkyk, nadat ons die toets geslaag het, word ons geloof versterk. Ons kyk ook met God se kyk na mense. Mense is nie ons vyande nie. Die duiwel wat hulle nog gevange hou, is ons vyand. Ons moet mense liefhê, versorg en dien asof hulle krygsgevangenes is, babas in die geloof wat versorging nodig het.

Die laaste dag het Danie ons begelei om te praat oor wat nou? Wat gebeur as jy nou huistoe gaan? Die aand is daar ook nabetragting met die sinode leiers gehou. Hierdie terugvoer is afgesluit met twee beriggies waarin Danie die laaste dag beskryf:

> *"Met die laaste oggend kon ons sien dat mense baie moeg is en het ek gedink dat hier nie nou baie gaan gebeur nie. Na 'n paar grappies het ons egter aan die werk gespring. Gesprekke oor persoonlike toepassings het bo verwagting goed gegaan. 'n Ouderling deel sy seer oor sy vrou wat hom gelos het en daar word toewyding gemaak aan geloof, aflê van vrese, ens. Daar is 'n rondte gedoen oor gesinne en daarna gemeentes en ringe. Dit word in ringe (klassis-verband) bespreek. Eerstens oor ons taak om gesinne te help, want dit gaan nie goed. Dan word gepraat oor roeping, is daar areas wat bereik moet word en laastens is beplan om die nuwe kennis oor te dra.*
>
> *Die afsluiting was vol dankbaarheid en versoeke om meer toerusting soos die te doen, maar ook met vrouens by, is gerig.*

*Dankie vir alle gebede, ek kan met oortuiging sê dat groot treë in koninkryksterme, gegee is.*

*Liewe vriende*

*'n Hoogtepunt.*

*Met ons nabetragting van die twee weke se gesprekke, in my oë was dit nie ‘n konferensie nie, sit ons hier om die kombuistafel. Meer as net dankbaarheid van alle kante, was daar ‘n diep konneksie. Daar was soveel toegewings gemaak aan mekaar en almal is altyd na geluister, ten spyte daarvan dat die vlees moeg geword het. Op ‘n stadium vat die moderator, ds. Adolfo, sy twee hande en druk sy vingers so voor hom in mekaar terwyl hy sê: “Hierdie twee weke het ons een gemaak.”*

*Nou enige iemand wat lang termyn geestelike verhoudings bou, sal weet dat dit kritiese momente is. Mens sien nie altyd klompe mense wat tot bekering kom of diep transformasie nie, maar hierdie soort momente, sal vir geslagte nog effek hê op die bekendstelling van Jesus aan mense. As mense ons liefhet sal, hulle ook maklik ons Vader lief hê. (Andersom is ook waar).*

*Annlin gemeente, Handevat (Danie), TOPIA (Johannes), Robert, Ron en Fred se ondersteuners, ek deel graag die vreugde met julle.*